
Brenda
Botha
Die jagter van
Olifantskloof

DIE JAGTER VAN OLIFANTSKLOOF

Deur

Brenda Botha

Hierdie boek word opgedra aan my vriendin Lucinda. Moet nooit jou mooi hart verloor nie.Mag Liewe Jesus jou seën met 'n jagter vir jou hart!

Voorblad foto deur Empire Photography

DIE JAGTER VAN OLIFANTSKLOOF

Hoofstuk 1

Aiden vou die begrafnis briefie met Amalia se gesig daarop in vier ewe groot dele.Amper outomaties steek hy dit baie diep in sy hemp se sak. Hier styf teen aan sy hart lê die foto van die vrou wat van hulle kinderdae af al sy gedagtes en hart gedomineer het. Oomblikke lank wag hy vir die trane om te kom, maar dit kom nie al vir dae nie. Om die waarheid te sê hy het nog nie 'n enkele traan gestort van die oproep drie uur die oggend op daardie Maandag nie.

"Jou monster!.....Dis alles jou skuld. Jou hart is so hard soos 'n klip! Dis alles jou skuld!" Weergalm Ivy se woorde weer deur sy kop.Sy het hom vanoggend soos 'n sleg hond by die begrafnis weg gejaag.'n Lewensmoegheid lê diep in die amandel groen oë.

Die harde klop aan die voordeur onderbreek sy donker gedagtes. Die donderstorm buite klink aansienlik harder as oomblikke gelede. Aiden besef dat die persoon by die deur seker deur week is van die reën. Hy haas hom na die groot hout voordeur. In die donker nag so nat soos 'n hoender staan sy buurman Stefan Bouer in 'n helder geel reënjas. Die diep kommer op sy gesig bereik ook sy grys oë.

"Naand jammer om so laat te pla. "Aiden hou 'n droë handdoek na sy veel ouer buurman uit. "Kom in, kom in wat skort?" Stefan droog die ergste nat af, voor hy verder praat. "Die nuwe skool juffie het nooit op gedaag nie. Ons soek al van vroeg skemer af na haar, wil jy en Duke nie kom help nie asseblief?"Aiden soek vlugtig deur die gang laaie vir baterye vir die twee groot flitsligte.Na 'n ruk se geskarel vrae hy terug oor sy skouer wanneer hulle haar verwag het.

Stefan trap ongeduldig rond. "Al vier uur, maar geen kind of kraai het al van haar gehoor nie. "Stefan sak sy kop en kyk verleë na sy gekreukelde hande. "Haar vader het haar veiligheid aan my toe betrou. Ek sal darem vreeslik aandadig voel as iets met daardie meisiekind gebeur het." Aiden pluk sy geel reënjas aan, hy weet baie goed dat Olifantskloof geen plek is vir 'n jong meisiekind om in te verdwaal nie. Veral nie in die dokerte van die nag nie. "Nou ja , laat ons haar gaan op spoor, hier staan skuld uitdeel gaan niks bereik nie. Hy gee sy vriend 'n bemoedigende glimlag, voor hulle by die deur uit verdwyn.

Die reën water stort op Lucinda Jacobs neer.Al hoesend beur sy haar swak liggaam op. Die reënwater het 'n pad van haar neus tot in haar longe gebrand.Dit voel vir haar of haar kop enige oomblik gaan oop breuk. Met elke hoes loop daar groot hoeveelhede water by haar mond en neus uit. Liewe hemel so naby aan versuip was sy in haar lewe nog nie.

Versigtig voel, voel sy aan haar agterkop.Die oorsprong van haar verskeurende hoofpyn.Helder rooi vloeistof suipel deur haar vingers. Sy maak 'n poging om haar oë gefokus te kry die bloed aan haar vingers het so vinnig weg gewas in die reën dat net die geklop in haar kop dit nog 'n realiteit maak. Sy kyk benoud om haar rond die nag is donker en onheilspellend. Haar hart sak in haar skoene met die besef dat daar geen teken van haar bagasie is nie.

Stelselmatig vul flitse van haar onderbroke geheue haar kop. Daar was vier van hulle….haar hart gaan van vooraf op hol. Met 'n keel wat dreig om toe te trek herleef sy die hele episode. Hulle walglike reuk hang nog vars in haar neus. Angs en vrees vang weer haar hele wese vas, daar is beweging agter haar in die donker. Die bosse ritsel hard

voor ‘n groot donker figuur te voorskyn kom. ‘n harde gil breek vir ‘n oomblik deur die geraas van donderslae en reën. Lucinda hoor haar eie stem wat ver af en onwerklik klink, voor sy weer in donker duisternis indompel.

Duke druk sy koue nat snoet in die bewustelose meisie se nek. Hy gee ‘n paar bevestigende snuffels voor hy pligsgetrou langs haar gaan sit. Stefan is eerste by die was bleek figuur. ”Jong Aiden, hierdie wolfhond van jou het ‘n neus soos geen ander. Aiden bekyk die bloed wat van onder die donkerkop meisiekind se kop uit spoel. ”Ons sal haar by die dokter moet kry, sy het baie bloed verloor.” Met een gemaklike beweging het hy die weerlose liggaam in sy arms op geraap. ”Kom Duke nou sal jy weer vir ons die pad terug moet wys ou grootte.” Paai Stefan terwyl hy die groot hond oor die kop streel.

Lucinda herwin elke nou en dan haar bewussyn voordat sy weer die donker in dompel. Sy is bewus van iemand se liggaamshitte hier teenaan haar wang. Haar liggaam bewe onbeheerbaar en sy kruip kort kort stywer teenaan die warm liggaam wat haar dra, die wiegende beweging van elke tree maak haar naar. "Ag Here Jesus asseblief laat ek tog veilig wees! "Is haar laaste heldere denke voor die donker weer kom.

Aiden dra die steeds bewustelose juffroutjie na een van sy spaar kamers. Met dokter Teunise die berg op, om Hentie te help met die bevalling het hy en Stefan geen keuse as om maar self moue op te rol en te dokter nie. Stefan neem die leiding so vinnig op dat jy nooit sou kon raai dat die ou dokter al vyftien jaar af getree is nie. Aiden sit hand by waar hy kan ,teen vieruur is hulle klaar gespook. Stefan was

sy hande in die skottel warm water. "Wel, nou het ons alles gedoen wat ons kon, dis nou in die Vader se hande."

"Moenie weer met daardie geloof nonsens hier kom nie Stefan, jy weet jy mors net jou asem!"

Stefan sug hardop .Sy sug is een van magteloosheid. Met moeë liggame seil hulle die trappe af. In die kombuis sit Aiden vir hulle water op vir vars koffie. In stilte geniet hulle die wel verdiende boeretroos.

Stefan bid saggies by homself, soos altyd as hy en Aiden koppestamp oor die Here. Hy weet dat geloof iets is wat Aiden al jare terug verloor het. Seker nog die selle nag as sy ouers se moord. Daardie donker dag het daardie rowers nie net 'n motor gesteel nie maar ook 'n nege jarige seun se geloof in ales wat God is. Aiden kon die tragedie nooit verwerk nie.

Hy sluk swaar aan al die kere wat Aiden hom al direk gevra het:" Nou sê my nou waar was jou Here dan nou?" Hy wat Stefan Bouer is was nog nooit 'n geleerde man van die Woord nie. Selde het hy 'n ander antwoord vir Aiden gehad as "Die Here weet hoekom."

"Ag Here Jesus wees tog barmhartig teenoor Aiden. Here U weet aleen wat hy al deur gemaak het in sy donkerste uur het U hom gedra al besef hy dit tog nie nou nie. Vader weer vra ek dat U aan sy hart sal werk sodat hy sy pad terug na U sal vind AMEN!....en..... Amen!"

Die foon in die gang onderbreek eerste die hangende stilte. Stefan spring so vinnig op dat hy byna sy hele koppie koffie op sy skoot uit gooi. "O…hemel dis seker Liena wat wil weet waar ek draai? Sy het

gesê sy gaan hierheen skakel sodra daar nuus is. Jy gee tog nie om nie nê? "

Aiden skud net sy kop afgetrokke. Om die waarheid te sê hy hoor nie 'n woord wat Stefan sê nie. Sy gedagtes is by die asemrowende donkerkop wat nou in die spaar kamer lê. So broos,so weerloos, so onweerstaanbaar mooi. Haar lang donker krulle in kontras met haar melkwit vel haar vol ronde mooi mond wat so perfek krul. En daardie onvergeetlike lug blou oë ,wat hy slegs enkele oomblikke gesien het. Hy vat die laaste sluk van sy beker koffie voor hy 'n minagtende snork gee. "Vroumense!" Hy dink aan die skone Amalia wat hom ook nader gelok het met haar besondere skoonheid en toe aan die neus rond gelei het voor sy hom die finale nek slag toe gedien het. Tierwyfies almal van hulle besluit hy net daar en dan baie mooi om na te kyk maar 'n te dodelike byt.

Stefan draf die kombuis binne so opgewonde dit lyk of hy enige oomblik uit sy nate gaan bars. "Liena sê die baba is hier 'n stewige 3.5 kilogram knaap. Nou wragtig sy oupa se bulletjie." Aiden wens die trotse oupa geluk met die nuwe erfgenaam. Hy kan nie help om ook maar aangesteek te word deur Stefan se opgewondenheid nie. Soos tradisie onder hulle mense gooi hy vir hulle elkeen n lekker sterk whiskey en oor handig aan Stefan 'n sigaar. Saam saam staan die twee mans ewe breë bors en vuur die nuweling tot hulle klein selektiewe gemeenskapie. Net mense met die grond in hulle bloed kies om 'n lewe te maak hier in Olifantskloof. Daar was al 'n paar vreemdes wat hier probeer nesskrop het maar, hulle almal het teen die tweede winter vinnig opgepak. Hulle hele gemeenskap nie meer as vyftig mense nie. 'n Ware gemeenskap, mense wat omgee vir mekaar...meeste van hulle hier gebore en groot gemaak.

Hoofstuk 2

Dis nog stik donker toe Lucinda wakker word deur die konstante getik van 'n muur horlosie. Dit voel vir haar kompleet of haar kop gevul is met dik donserig wol. Met baie swaar ooglede forseer sy haar oë op skrefies oop. Vrees en benoudheid skrop vinnig weer nes in haar wese. Waar is sy? Hoe het sy hier gekom? Dit vat haar oë n ruk om gewoond te raak aan die donker, maar selfs dan kan sy maar min uitmaak. Haastig soek sy deur haar deurmekaar brein vir wat sy laaste kan onthou.'n Donker figuur het na haar aan gekom uit die bosse.

O hemel ek is ontvoer flits die eerste ding waaraan sy kan dink deur haar kop. "Vervlaks Lucinda hoekom het jy nie in die stat gebly nie? Maar nee, jy wil mos 'n verskil maak," vervloek sy haarself hard op." En kyk nou net wat het jou bravade jou in die sak gebring. Jy bevind jou iewers tussen êrens en nêrens in die berge waar geen beskaafde mens sal dink om te bly nie." Vluister baklei sy met haarself net ingeval haar ontvoerder daarnaby wegkruip.

Voel,voel tas sy in die donker vir 'n pad na die deur toe. Teminste was jy veilig in die stad, hier was jy nou al geroof...aangerand...en nog boonop ontvoer in een dag. Haar vingers voel lomp en dik, wat voel soos minute sukkel sy om die deurknop gedraai te kry. Die kamerdeur gaan uiteindelik oop en lig stroom in om die donker te verdryf. Eers toe let sy op hoekom haar vingers so pynlik klop, haar hele regterhand is verbind. 'n Vinnige kyk in die gang af verseker haar dat niemand haar staan en inwag nie.'n Skerp reuk brand haar neus, seker die middel wat die ontvoerder gebruik het om haar mee

te verdoof dink sy vies. Op haar tone en styf teenaan die muur probeer sy by die trappe af sluip. Die huis is pragtig let sy vinnig op. Watse ontvoerder bly in so droom paleis? Maar dan beantwoord haar vrugbare verbeelding haar vraag. Dis natuurlik een van daardie gevaarlike kriminele wat so week gelede uit daardie tronk nie ver van hieraf ontsnap het nie. Sy onthou dat dit vir die hele week op die nuus was en dat daar nog drie is wat hulle nog nie kon vastrek nie. Hulle hou seker die mense wat hier bly ook gevange of nog erger het hulle klaar vermoor. Die gedagte sit 'n bietjie spoed in haar sluip aksie. Verligting spoel oor haar lam liggaam toe die deur in sig kom. 'n Reguit lyn na vryheid. Sy skiet 'n vinnige dank gebedjie op. Die gang lig is so te sê nie meer sigbaar nie. Oomblikke lank huiwer sy nog of sy dit wil waag om sommer so in die donker in te boender sonder om te weet of die onheil haar nie daar staan en in wag nie. Ondersoekend kyk sy om haar rond vir iets waarmee sy haar kan verdedig. Die swart keramiek beeld van 'n vrou met 'n water skotel is al wat sy in die hande kan kry. Al kreunend tel sy die beeld op wat baie swaarder is as wat dit lyk. Met 'n meer geruste hart, dat sy nou goed gewapen is durf sy die lang pad na die deur toe aan. Binne vyf groot tree is sy by die groot houtdeur. Al sukkelend probeer sy die swaar beeld teen haar skouer balanseer en tegelyk die deur oop sluit. Gelukkig het haar ontvoerder die sleutel in die deur gelos.

"Ek sou nie dit doen as ek jy was nie." Sê 'n donker stem van iewers in die donker agter haar. O hemel Liewe Jesus help my! Bid sy benoud. Verwoed swaai sy dan om en slaan blindelings in die donker rond met die keramiek beeld. Die vertrek is so donker dat hy haar waarskynlik die heeltyd dop gehou het en nou met haar speel, soos 'n kat met 'n muis speel voor hy die arme dingetjie verslind. "Wat soek julle met my?" Daar is meer magteloosheid in haar stem as vrees."

Hoekom het julle my ontvoer?...Ek het nie geld nie...Ek is net 'n arme skool juffrou." Trane lê nou baie vlak in haar oë en dreig om oor te spoel. 'n Lag bars deur die donker vertrek en ontvleg die laaste van Lucinda se moed. Veg of vlug is al wat deur haar kop gaan. Blits vinnig hardloop sy op haar ontvoerder af.

Aiden duik net betyds uit die aanvallende meisie se pad uit. Met twee tree is hy tot teen aan haar met sy een hand druk hy haar styf teen hom vas terwyl sy ander hand haar vinnig ontwapen. Verwoed byt sy hom so hard as wat sy kan. "Eina!...jou tierwyfie." Hy loop vinnig na die ligskakelaar en skakel dit aan. Lucinda lê nog steeds op die vloer waar sy geland het na hy haar so skielik weg gestamp het. "Ek het jou nie ontvoer nie juffrou Jacobs. Jy is 'n gas in my huis." Die donker stem stuur 'n rilling teen Lucinda se rug af. "Die skielike lig maak haar bietjie duiselig."Hoekom mag ek dan nie gaan nie?" Kap sy vinnig tee met soveel kalmte as wat sy kan bymekaar skraap. Hy draai vies om en gaan haal 'n stuk ys om teen die bytmerk op sy wang te druk. Dit word wraggies al klaar blou. "Gaan gerus as jy wil dood gaan juffrou Jacobs. " Sê hy met die terugkom slag. " Lucinda druk haarself versigtig teen die bank op. Sy hou 'n oomblik aan die muur vas voor sy haar wankelrige bene vertrou om haar gewig te ondersteun. "Is dit 'n dreigement?"Sy kyk hom stip aan ale vrees klaarblyklik vergete. Die vreemdeling stap woordloos terug kombuis toe. Lucinda kyk hom agterdogtig agterna voor sy hom maar onseker volg.

Aiden trek vir hom 'n stoel by die kombuistafel uit en gaan sit rustig met sy bene voor hom uit gestrek. Met sy een been stoot hy die stoel langs hom uit en beduie dat sy moet sit voor hy sy bene gemaklik by sy enkels kruis.

"Nee juffrou Jacobs dis nie 'n dreigement nie dis 'n feit."

Sy ignoreer sy gebaar vir haar om by die tafel te sit. Met 'n veglus soos min steek sy haar ken in die lig voor sy weer die stryd aan sê. "En wat gaan jy nogal doen as ek nou hier probeer uit gaan?"

Aiden vat die ys van sy blou wang af voor hy weer dood kalm voorgaan. "Niks nie juffrou dis die sneeu en koue daar buite wat jou in 'n lyk gaan verander. Ek het geen begeerte om jou enige leed aan te doen nie, en ontvoer het ek jou beslis nie."

Sy kyk hom ondersoekend aan, besluitloos staan sy steeds teenaan die growwe klipmuur .Aiden staan ongeërg op en begin vir hulle altwee koffie maak.

"Hoe weet jy wat my naam is? En hoe het ek hier op geëindig?"

Terwyl Aiden aangaan met die koffie vertel hy hoe ales plaasgevind het.

Lucinda bekyk hom deeglik. Hy is 'n lang man sy hare krul effens in sy nek agter. Selfs met sy rug na haar toe kan sy sien hy steek 'n goed gespiered liggaam onder sy klere weg, sy arms bult deur die wit t-hemp. Sterk skouers vergesel 'n bypasende rug wat netjies eindig waar smal heupe, glad nie slegte sterre komplimenteer. Lucinda bloos bloedrooi toe hy skielik omswaai. Sy ontspan weer effens na dit lyk of hy nie agter gekom het waarna sy gestaar het nie.

Na hy klaar vertel het van haar operasie onthou sy die walglike reuk wat sy geruik het net na sy wakker geword het. Eers na sy haar kop met haar vingerpunte ondersoek het vir die steke bereken sy die storie het merite. Met die besef dat hy die waarheid praat, word die benoude gevoel in haar vervang met verleentheid.

Twee ronde rooi kolle brand op haar wange. "Ek..is jammer." werktuiglik steek sy haar hand na Aiden uit wat al reeds weer sy plek in geneem het aan die punt van die tafel.

"Vredes offer?"

Met 'n frons neem hy haar klein hand in syne slegs haar vingerpunte is sigbaar in syne. Oomblikke lank hou hy haar hand so vas sonder 'n woord. Lucinda probeer sy oë lees, sy moet toegee sy gesig is sterk en baie aantreklik.'n skewe glimlag speel om sy mond hoeke.

"Net een vraag juffrou Jacobs". Hy wag tot sy sit en 'n sluk van haar koffie neem, terwyl hy die half gesmelte ys weer teen sy gekneusde wang druk. "Moet ek 'n klem in die kaak inspuiting gaan kry?...Of het jy darem al jou inentings ?" Die spot loop omtrent oor in sy diep stem. Lucinda wip haar opslag vir die man."Ek is gun dier nie!" snou sy hom bitsig toe. Met 'n tartende laggie sluk hy nog van sy koffie weg. "Ek weet darem nie of jou optrede daarvan kan getuig nie." Trek hy haar siel nog 'n bietjie uit. "Ek het mos gesê ek is jammer...ek...ek het gedink ek moet veg vir my lewe, "stoter sy oor haar eie woorde. Maar selfs in haar eie ore klink haar verskonings flou.

"En vir wat sluip jy in die donker rond soos 'n skelm en dit in jou eie huis ?" Veg sy terug om haar verleentheid weg te steek.

"Toe maar tierwyfie ons sal jou nog tem." Antwoord hy haar met 'n oogknip terwyl hy die koppies in die wasbak sit.

Voor sy nog iets pittig kan terug sê het hy reeds by die deur uit verdwyn.

Moegheid neem weer vinnig van haar liggaam besit. Dit is al reeds lig buite maar Lucinda sien nie kans om meer 'n enkele oomblik wakker te bly nie en besluit om maar weer te gaan inkruip in die bed waar uit sy vroeër haar ontsnapping beplan het.

Hoofstuk 3

Drie dae se aanhoudende sneeu val het werk vir die klein gemeenskap van Olifantskloof onmoontlik gemaak.

Aiden dompel die laaste stuk van sy beskuit in die warm koffie.

"So ja ales is gereed en ek voel heelwat beter." Praat sy huisgas skielik agter hom.

Hy draai hom dwars in sy stoel om haar mooi te bekyk. Sy lyk vir hom of sy uit 'n prentjie uit geloop het, blink geskrop en glad "gepolish" kompleet met tasse in hande.

"Ek wil net weer dankie sê dat julle my bagasie opgespoor het daar sonder sou ek heeltemal verlore gewees het." Aiden sê nie 'n woord nie, kyk haar net aan soos 'n spesiement in 'n wetenskaplike laboratorium.

Lucinda voel skoon 'n ongemaklike droogte in haar keel brand. Al rogellend probeer sy maar weer om 'n reaksie uit hom kry.

"Hoelaat sal die gastehuis oop maak?"Aiden stik skoon aan sy laaste bietjie koffie.

"Gastehuis?" hy lag so hard dat die trane langs sy oë gleufies af loop.

"Nee jong lyk my daai stamp op jou kop het jou brein heeltemal om geroer tierwyfie." Hy vervolg toe hy sien dat sy steling nie tot die meisiekind voor hom deur dring nie.

“Jy is nou in die groenberge, nie meer in die beton berge van Johannesburg nie.”

Lucinda kan nie besluit of sy kwaad of verneder moet wees nie. Hoe durf hy haar uit lag! Sy is 'n intelligente vrou, wat 'n logiese afleiding gemaak het. Dis nie haar skuld hierdie simpel primitiewe aan mekaar geslaande dorpie... as jy dit ooit 'n dorp kan noem, maak nie voorsiening vir mense wat net kuier nie. Sy meen dis tog net logika dat nie almal wat hulle voete op hierdie plek sit sommer so goeds moeds sal wil in trek nie.

Sy byt op haar onderlip toe die implikasies van Aiden se woorde haar tref. "Nou waar gaan ek dan bly? " Haar stem is niks meer as ‘n sagte fluister nie.

Die groot man voor haar hou met eens op lag en met 'n glimlag so breed soos die hemelruim , maak hy 'n verspote buig vooroor en beduie met sy arms."Me casa so casa!"

Lucinda gooi haar tasse in 'n protes gebaar neer.

"Nee! Ek kan nie in 'n huis bly met 'n ongetroude man nie. Goeie hemel hoe sal dit lyk? Wat sal my ma hulle sê?" Sy druk haar neus woeps punt in die wind, met besliste heen en weer swaai bewegings van haar kop staan sy vierkantig agter haar woorde. "Nee meneer Sonnekus dit sal nie deug nie. Ek wil definitief nie 'n reputasie opbou van 'n los vrou nie."

Die lag het net so vinnig as wat haar skerp woorde uit is opgedroog. Lucinda kyk verskrik na die man voor haar. Sy gesig is hard en koud heeltemal ondeurdringbaar. In sy nek en op sy voorkop pols daar fyn aartjies teen 'n geweldige spoed.

"Wel juffrou Jacobs ek bied jou 'n kamer aan, nie 'n losbandige verhouding nie. Ek kan jou verseker dat jou eer in geen gevaar by my, of enigsins onder my dak sal verkeer nie. In elkgeval het jy geen ander heenkome nie. Ons sal ook nie aleen wees nie tanie Miemie sal binnekort terug keer van haar vakansie." Met 'n laaste vuurspuwende kyk vernietig hy enige terug pratery. "Nou as jy my sal verskoon ek het werk om te doen. Dag juffrou Jacobs!"

Die deur klap so hard agter hom toe dat Lucinda skoon wip van die skrik.

Met haar mond wat nog oophang staan sy net so versteen na die toe deur en kyk. Sy wonder wat op aarde sy gesê het om die man so te ontstig. Met so 'n temperament kan die klein jagtertjie 'n gevaarlike vyand uit maak. Met benoudheid kyk sy om haar rond na die opgestopte dierkoppe wat as trofeës teen die growe klipmuur pryk. Verskrik sien sy voor haar geestesoog hoe hy haar met sy groot geweer bokveld toe skiet. Met 'n halfhartige glimlag kyk sy rond op die muur of daar vir haar kop ook 'n plekkie sal wees. Sy sluk swaar en skud haar kop om van die spookbeeld ontslae te raak. Nee sy moet definitief ver weg bly van hierdie man se verkeerde kant.

Stert tussen die bene tel sy maar weer haar tasse op en kruip terug kamer toe. Sy wens sy was eerder terug in haar ou woonstelletjie daar

vêr in Johannesburg met net die gedruis van moters onder haar venster. Enige iets moet beter wees as hierdie oor verdowende stilte. Maar stilte is dalk net wat sy nodig het sy voel skuldig oor hoe min tyd sy die laaste ruk met die Here spandeer het en hierdie

is nou die perfekte tyd om weer bietjie te gaan oë wys in die troonkamer. En met dit besluit sy om haar gebruiklike ou koppie koffie te gaan maak vir haar kuier met die Here. Toe sy jonk was het sy altyd gewonder hoekom haar ma koffie maak en dan in die tuin op die swaaibankie gaan sit en met haarself gesels, later jare het sy nader gesluip om te hoor wat haar ma tog so vir haarself sê. Dis toe dat sy vir die eerste keer ontdek het hoe lekker mens met die Here kan gesels. Haar ma het nie net die ernstige dinge op haar hart met die Here bespreuk nie, maar ook somer net dankie gesê vir die mooi sonskyn dag en dan partykeer al lagend vir die Here vertel van wat sy by die skool aangevang het. Sy het die hele afera eers baie vreemd gevind maar kort voort lank het haar ma se geselsies met die Here vir haar die beste gedeelte van die dag geword. Soos sy groot geword het , het sy besef dan tyd met die Here aleen tyd moet wees en het sy nie meer haar ma se geselsies afgeluister nie maar eerder haar eie kuiertjies begin met Liewe Jesus. Dit was en is nog maar altyd die hoogtepunt van haar dag. Haar hart kry sy bekende ou warm gloei toe sy die koppie koffie in die hand die deur agter haar toe trek om haar Koning te gaan ontmoet.

Teen laat middag raas die grootste sneeustorm wat Lucinda nog ooit gesien het hard en duidelik. Sy dink weer terug aan die oggend se gebeure en verwens haarself vir haar onredelike oor reaksie. Haar pa baklei altyd met haar oor haar seepglad bek. "Sit 'n wag voor jou mond Lulu." Haar pa se betigting woorde laat haar somer in een krimp.

Die groot houtvoordeur waai oop en bring die ysige koue saam binne. Lucinda bekyk die twee figure wat lyk soos ysmannetjies en net so

Thank You for previewing this eBook

You can read the full version of this eBook in different formats:

- HTML (Free /Available to everyone)
- PDF / TXT (Available to V.I.P. members. Free Standard members can access up to 5 PDF/TXT eBooks per month each month)
- Epub & Mobipocket (Exclusive to V.I.P. members)

To download this full book, simply select the format you desire below